# 'N CHRISTELIKE BESKOUING VAN MENSEREGTE

D.A. du Toit
Departement Dogmatologie
Universiteit van Stellenbosch
STELLENBOSCH

Abstract

*The very important issue of human rights has become a highly controversial issue because of the alleged or denied relation with Scripture and faith.*

*It is difficult to identify one single historical origin or source for human rights, although the influence of Christian faith over many centuries cannot be denied. Systematically, however, it is possible to demonstrate a close connection with the matter and content of the issue. This can be done with regard to central Biblical concepts like love and justice within the context of moral responsibility and human dignity. The connection also becomes evident in a special way from the Scriptural view of man with its double perspective of creation and calling (ontological givens and ethical demands), by which the possibility of rights is constituted by the essential structural anthropological capabilities. Finally, some of the limitations and problems surrounding human rights are pointed out, especially as manifested in the current debate.*

## 1. INLEIDING

Die aktualiteit van die kwessie van menseregte het in 'n belangrike mate in die huidige tydsgewrig 'n hoogtepunt bereik. Die proses van politieke hervorming in Suid-Afrika stel met dringendheid die vraag na die objektiewe norme waarvolgens dit moet geskied. In kerklike kringe is die uitspraak reeds gemaak dat die Christelike kerke sal moet saamwerk in die daarstelling van 'n dokument wat die minimum-vereistes vanuit 'n godsdienstige oogpunt duidelik stel (Heyns, 1989). Die werk van die Suid-Afrikaanse Regskommissie in die voorbereiding van 'n verslag oor 'n moontlike akte van menseregte het hier en internasionaal groot aandag getrek.

Dit bly egter steeds merkwaardig om te sien watter groot reaksie die kwessie van menseregte in kerklike en teologiese kringe gehad het: dit het in hierdie kringe selfs 'n saak van groot omstredenheid geword wat tot 'n hewige polemiek in kerk-en dagblaaie en tot verskeie televisiedebatte aanleiding gegee het. (*Die Kerkblad* (Anon, 1989b:7-8), *Die Hervormer* (Anon, 1989b:4), *Die Kerkbode*; vgl. Du Toit, 1989:6 en Heyns, 1989:6). Die sentrale vraag waarom dit gaan is die vraag of menseregte in die lig van die Skrif geregverdig kan word, of dit 'n saak is wat positief deur kerk en gelowiges bejeën en ondersteun kan word (Kreitzer, s.j.). In die Suid-Afrikaanse opset is daar tans diegene

wat dit ongekwalifiseerd wil steun met beroep op hulle interpretasie van die Skrif, terwyl daar andere is wat dit eweneens met Skrifberoepe ten sterkste wil beveg (Potgieter, 1989). Tussen hierdie twee uiterstes is daar verskillende aksente van huiwering, onsekerheid, versigtige standpunte en gekwalifiseerde ondersteuning. Dit alles hou verband met 'n histories-gegroeide situasie waarvan ons in hooftrekke kennis moet neem. Daar is naamlik naas die sistematiese argument ook historiese argumente wat teen óf ten gunste van menseregte gebruik word.

## 2. HISTORIESE ONTWIKKELINGE

### 2.1 Humanisme?

Daar is navorsers wat beweer dat die formele trekke van die moderne menseregte-denke teruggevoer kan word tot strominge in die klassieke Griekse filosofie (De Villiers, 1984:10 e.v.). Na die Middeleeue het hierdie filosofiese strominge 'n sterk oplewing getoon en aangesluit by die denke van onder andere Locke en Kant. Die periode van die *Aufklärung* of Verligting word in die meeste werke beskou as die eintlike oorsprong van die moderne opvattinge oor menseregte. Die *Aufklärung* was die tyd van die vryheidsoorlog in Amerika en die revolusie in Frankryk en die spesifieke menseregte-verklarings wat daaruit voortgespruit het, het plaasgevind aan die einde van die agtiende eeu - die tyd van die ontdekking van die mondigheid van die mens, die tyd van rasionalisme en humanisme. Die agtiende eeu het 'n periode van groot politieke en maatskaplike onsekerheid en woelinge ingelui met rewolusies, die vrystelling van die slawe, die opkoms van die kommunisme as nuwe filosofie en dergelike gebeure.

Die geskiedenis toon aan dat die kerk van die negentiende eeu hierdie ontwikkelinge gesien het as 'n bedreiging van die gevestigde en Godgewilde orde. In die lig hiervan is dit begryplik as menseregte uit sommige oorde verwerp word. Vanweë die gesketste historiese ontwikkelinge word menseregte beskou as die geesteskind van rewolusie, humanisme en menseverheerliking (vgl. MacQuarrie, 1990:viii); daarom die beskouing dat dit met die Bybel niks te make het nie - trouens, dit word gesien as juis in stryd met die Bybel. Die motivering vir hierdie siening is gewoonlik die argument dat verwysings na menseregte nêrens in die Bybel voorkom nie en dat menseregte uitgaan van die natuurlike goedheid van die in sonde gevalle mens wat daardeur selfs nie eens meer die beeld van God is nie (vgl. veral Potgieter, 1989:386-408).

## 2.2 Christelik?

Histories gesproke is dit egter 'n vraag of die oorsprong van menseregte so eensydig na die een bron van die Verligting en humanisme herlei kan word. Daar is juis ook diegene wat beweer dat die diepste oorsprong van menseregte religieus van aard was, aangesien die begin daarvan die stryd om godsdiensvryheid was (De Villiers, 1984:12). Dit is nie heeltemal duidelik of dit op hierdie wyse moontlik is om alle 'krediet' vir menseregte vir die Christendom op te eis nie. Die baie lang aktiewe weerstand van die kerk teen menseregte maak so 'n aanspraak in elk geval kragteloos.

'n Ander manier om na die saak te kyk, sou natuurlik wees om te stel dat die eeuelange verkondiging van die evangelie tog tot 'n bepaalde neerslag van die konkrete inhoude daarvan gelei het op baie terreine van die lewe. Toe die stryd om menseregte begin het, was talle van die norme minstens teoreties alreeds vir baie eeue gevestig in die gedrag en gewoontes van mense, in regstelsels en in die algemene praktyke en gebruike van mense. Die stryd om menseregte sou dan nie veel meer wees as die universalisering en konkretisering van reeds bestaande norme nie. Die feit dat iets van hierdie siening ongetwyfeld waar is, maak dit egter onmoontlik om die oorsprong van menseregte eensydig en eksklusief in die Verligting en humanisme te soek. "The understanding of human rights ... has roots all the way back to Thomas Aquinas, Augustine, the Bible and Aristotle" (Hollenbach, 1979:41).

Desnieteenstaande het die kerk vanaf die begin heftig weerstand gebied teen die gedagte van menseregte, veral aangesien dit nou verbonde was met die strominge wat die destydse *status quo* wou omverwerp. As 'n voorbeeld kan verwys word na die vooraanstaande Amerikaanse teoloog Robert L. Dabney wat meer as vyftig jaar ná die vrystelling van die slawe 'n sterk polemiese stuk publiseer onder die titel "Anti-biblical theories of rights". Hierin stel hy dat hierdie "radical theory of human rights and equality, born of atheism, but masquerading in die garb of true Bible republicanism" in werklikheid die uitdruklike leerstellinge van die Skrif weerspreek (Dabney, 1892:21,38).

Ongeveer dieselfde tyd het daar ook sekere tekens sigbaar geword van 'n veranderde houding. In *Rerum Novarum* (1891) het pous Leo XIII 'n baie positiewe stelling ingeneem oor die politieke implikasies van die waardigheid van die mens, hoewel hy nog steeds ernstige twyfel gehad het oor die wyse waarop die fundamentele gelykheid van mense in sommige nuwere demokratiese denke gelei het tot die ondermyning van die staatsgesag (Hollenbach, 1979:43 e.v.).

### 2.3 Die invloed van die twintigste eeu

Vroeg in die twintigste eeu het die sogenaamde *social gospel* sterk na vore getree in stryd met die fundamentalisme en die klem laat val op die sosiaal-maatskaplike dimensie van die evangelie. Dit was 'n inleiding op die sterk verdeling wat sou volg tussen *ecumenicals* en *evangelicals*. Die gruwels van die Tweede Wêreldoorlog wat direkte aanleiding was tot die opstel en aanvaarding van die Universele Verklaring van Menseregte (10 Des. 1948), het ook 'n besliste rol gespeel in die totstandkoming van die Wêreldraad van Kerke in dieselfde jaar. Hierdie historiese opset, en veral die geweldige impak wat die Nazi-gruwels op alle mense gehad het, het dit vir die kerke onmoontlik gemaak om in enige opsig langer die saak van menseregte te opponeer. Hoewel daar by baie kerke nog 'n sekere huiwering te bespeur was, sou niemand dit waag om menseregte teen te staan nie. Dit het immers duidelik geword dat daar 'n dringende behoefte bestaan het aan 'n universele etiese norm wat 'n herhaling van die katastrofe sou moes voorkom (Du Toit, 1988:160).

Dit is miskien juis hierdie huiwering wat die rede daarvoor was dat kerke oor die algemeen geen poging aangewend het om die saak van menseregte teologies te verantwoord of te begrond nie. Die ondersteuning daarvan was meestal in die terme en formulering van die sekulêre menseregte-modelle en geskrifte. Waarskynlik was dit vir die meeste kerke so 'n vanselfsprekende saak, gesien teen die agtergrond van die situasie na die oorlog, dat enige teologiese begronding eintlik as oorbodig beskou is.

Die sestigjare sou egter hierin 'n wending bring. Verskillende faktore het daarin 'n bepaalde rol gespeel. Die eerste sou ongetwyfeld kon wees die jarelange worsteling van die internasionale gemeenskap om die inhoud van die 1948-verklaring gestalte te gee in bindende internasionale verdrae - iets wat eers in 1966 sou realiseer (terwyl dit nóg 'n dekade sou duur voordat genoeg lande dit onderteken het sodat dit geldigheid kon verkry). Vir baie mense was hierdie gesloer die rede vir ernstige vrae oor menseregte, en dit sou sekerlik nie by die kerke verbygegaan het nie.

Tweedens het die proses van die onafhanklikheid van veral die Afrikalande opnuut tot nadenke geprikkel (Du Toit, 1988:9). Hierdie onafhanklikheidstryd, gevoer onder die banier van menseregte, het feitlik sonder uitsondering uitgeloop op nuwe situasies van onreg en die oortreding van menseregte. Derdens het die posisie van die swart Amerikaners, ten opsigte van juridiese en konstitusionele hervorminge, aanleiding gegee tot militante swart aksies wat eweneens enige simplistiese menseregte-denke en -aksies onder verdenking geplaas het (Du Toit, 1988:11). Dieselfde resultaat is bewerk deur die wydverspreide en soms gewelddadige studente-onrus wat teen die einde van die sestigerjare die Eerste Wêreld geskud het. In meer as een opsig het die patos waarmee menseregte na die oorlog as credo aangegryp was, begin plek maak vir deeglike besin-

ning en die erkenning van die noodsaak van begronding.

Hierdie besinning het nie aan die kerke verbygegaan nie. Die jaar 1970 was in hierdie opsig 'n mylpaal. In hierdie jaar het sowel die Rooms-Katolieke Kerk as die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke én die Lutherse Wêreldfederasie opdrag gegee vir die grondige teologiese bestudering van menseregte, met die Gereformeerde Ekumeniese Sinode 'n paar jaar later (Miller, 1977, en RES Testimony on Human Rights, 1983). Van agterna gesien, bly dit 'n merkwaardige saak dat so iets eintlik pas in 1970 'n aanvang kon neem. Dit het egter tog ook die positiewe resultaat gehad dat dit na die verskyning van hierdie navorsingsverslae nie meer moontlik is om op 'n bloot emosionele wyse oor die saak te praat nie. Sedert 1986 vorm menseregte ook deel van die Nederduits Gereformeerde Kerk se amptelike getuienisdokument *Kerk en samelewing* (hersien in 1990).

## 3. POGINGS TOT TEOLOGIESE BEGRONDING VAN MENSEREGTE

Die navorsingsverslae oor die teologiese beoordeling van menseregte het almal ook die konfessionele klimaat vertoon van die kerke waaruit dit voortgekom het. Sonder om op die besonderhede in te gaan, kan bloot gekonstateer word dat ons hiermee ook verskillende teologiese modelle ter beoordeling van menseregte ontvang het. Hierdie verskillende modelle het egter ten opsigte van die praktiese teologiese konsekwensies en gevolgtrekkings grotendeels tot bykans identiese resultate gekom. Hierdie verslae bied daarom aan die gelowige 'n ryke bron van materiaal en inligting oor die posisie van elke Christen ten opsigte van die menseregte-kwessie (Miller, 1977; Spykman, 1990; Du Toit, 1984 e.a.).

Uit hierdie rykdom aan materiaal blyk een saak onmiddellik duidelik, en dit is dat al die groot konfessionele groeperinge oor die hele wêreld oordeel dat menseregte wel deeglik teologies begrond kan word. Daar is 'n sterk bewuswording van die feit dat alhoewel die begrip *menseregte* as sodanig nie in die Skrif voorkom nie, die inhoud daarvan, die sáák waarom dit ten slotte gaan, tog deeglik in die Skrif aanwesig is (Jonker, 1984:49). Die uitwerk van die begrip *menseregte* kan langs verskillende lyne geskied. Daar is diegene wat hulle vertrekpunt neem in sekere Bybelse begrippe soos geregtigheid, vryheid, liefde; daar is andere wat sekere Skriftemas soos die skepping, die Eksodus, die regverdiging of die opstanding as grondplan aanvaar; nog ander neem spesifieke gedeeltes soos die Tien Gebooie, die Bergrede, die apostoliese paranese ensovoorts as uitgangspunt.

Sistematies lyk dit egter veel meer sinvol om die totale Skrifopenbaring in ag te neem. Die strukturering daarvan kan dan die beste geskied aan die hand van enersyds die

sentrale inhoude van die Bybelse begrippe wat met hierdie saak te make het, en andersyds van die hoofmomente van die mensbeeld wat uit die Skrif tot ons kom (Du Toit, 1988:47 e.v.).

### 3.1 Sentrale Bybelse begrippe

Dit is belangrik om te begryp dat die sentrale begrippe in die Bybel telkens onder 'n aantal dubbelperspektiewe bekyk moet word. Hierdie dubbelperspektiewe, wat eintlik soos transparante oor die hele verhandeling geskuif moet bly, is dié van skepping en sonde, skepping en herskepping, sonde en herskepping, God en mens, en dan veral ook die dubbelperspektief van die gegewe (ontiese) realiteit van 'n Godgewilde saak en die gevraagde (etiese) realisering daarvan. Hieruit blyk al dat dit onmoontlik sal wees as die uiteindelike soteriologiese, pneumatologiese en eskatologiese dimensies nie ook in berekening gebring word nie. Dit sal egter nie in hierdie artikel behandel kan word nie. Wat bedoel word, kan aan die hand van enkele van die sentrale Bybelse begrippe geïllustreer word.

#### 3.1.1 Geregtigheid en sedelike verantwoordelikheid

Die dikwels vae en willekeurige inhoude wat aan hierdie begrip gegee word as waarskynlik die belangrikste in die hele debat, maak dit vir die teologie noodsaaklik om dit skerp te omlyn. Dit is waarlik veel meer as 'n algemene humanitas-begrip wat eintlik net as 'n laaste emosionele argumentsbasis opgewerp kan word. Dit is ook veel meer as net die formele basis van juridisering wat dit so maklik in legalistiese kodes kan laat opgaan.

Geregtigheid in die Skrif het in die eerste plek met die Godsleer te make - dit is voluit 'n teologiese saak. Menseregte het naamlik te make met dit wat 'reg' is, dit wat volgens die oordeel van God in ooreenstemming met sy wil is. Daarom word menseregte in die besonder verbind aan die skeppingswil van God en nie in die eerste plek aan die sedelike of etiese stand van sake nie. Menseregte dui op die stand van sake soos God dit wil, en daarom het dit vooraf 'n duidelike ontiese of objektiewe bestand: die wil van God, maar dit is juis ook die basis van die faktiese en moreel-etiese. Daarom is *on-reg* dit wat feitelik en onties verkeerd is en vorm dit die basis van die sonde wat sedelik of moreel verkeerd is. Sodoende is die sonde die poging tot 'n alternatiewe regsorde, of beter, tot 'n on-regsorde.

Dit is dan ook begryplik waarom die heil van God vir die wêreld in terme van geregtigheid uitgedruk word: dit is die hervorming van die onreg tot reg (die wil van God)

teenoor die hardnekkige vervorming van die reg tot die onreg van die sonde.

Dit is belangrik om te begryp dat hierdie nie 'n bloot 'geestelike' gebeure is nie. Soos die wil van God tot die ganse werklikheid uitgestrek is, so is ook die konsekwensies van reg en onreg kosmies en universeel van aard, en sluit dit die totale lewe in. Geregtigheid het daarom nie slegs met die politiek te make nie: dit het alles te make ook met die huwelik, seks, kuns, sport, landbou, ekonomie, ensovoorts. Terselfdertyd moet dit vanuit die perspektief van die gegewe dubbelpoligheid beskou word. Die gegewe ontiese en objektiewe bestand van die reg van God en sy geregtigheid, naamlik die gegewenheid van die realiteit van sy wil, moet ook eties of sedelik subjektief waargemaak word deur die mense.

Hierdie benaderingswyse het belangrike konsekwensies. Indien die finale doel van geregtigheid en menseregte die verwesenliking is van 'n bepaalde kwaliteit van lewe (= geregtigheid = God se wil vir ons lewe), dan blyk dit uit bostaande dat 'n belangrike komponent daarvan die subjektiewe etiese verantwoordelikheid van die mens self is. Menseregte as sodanig is nie 'n waarborg vir lewenskwaliteit nie (vgl. vir 'n volledige bespreking hiervan Du Toit, 1978, en vir uitgebreide Skrifverwysings Du Toit, 1988:54).

Geregtigheid het dus te make met die wil van God én die sedelike verantwoordelikheid van die mens. Eersgenoemde roep in 'n direkte sin laasgenoemde op. Hierdie verantwoordelikheid kry 'n besondere dimensie in die liefdesgebod.

### 3.1.2 Liefde en menswaardigheid

Geregtigheid veronderstel 'n duidelike objektiewe normatiwiteit van gesindheid, dade en denke wat in die voortgaande heilshandelinge van God gestalte vind in die wet. Binne die verhouding van wet en evangelie moet albei komponente verstaan word vanuit die breë dubbelperspektief van skepping en herskepping, en dan is duidelik waarom van die aspek van vervulling sprake is. So is dit inderdaad moontlik om die Tien Gebooie as 'n model van menseregte te gebruik, maar dan natuurlik retrospektief (Velema, 1980). Hierdie uitgangspunt bied dan ook die moontlikheid om gedeeltes soos Eksodus 22-23, Levitikus 19-25 en Deuteronomium 15 en 24, wat in baie opsigte byna soos menseregte-dokumente klink, in die geheel van die wet beter te verstaan.

Die ankerpunt in hierdie verstaansproses is die liefdesgebod. God se heil (= geregtigheid) verskyn in die Persoon van sy Seun en is 'n letterlike generering van sy eie wese, naamlik Liefde: God is liefde. Die diepste verbondenheid aan geregtigheid en enige menseregte wat daaruit mag voortvloei, is dus die verbondenheid, nie aan 'n saak nie, maar aan 'n Persoon; daarom is die liefdesgebod 'n beslaglegging op die

totale persoon (verstand én hart én siel!) in teenstelling met die vae emosionele en gereduseerde liefdesbegrip van populêre vermaak. Daarom ook is daar geen opsionaliteit aan die liefdesgebod verbonde nie, maar is dit doodgewoon die wet (konstitusie) van die nuwe lewe, aangesien die liefde onverpoos soek na die geregtigheid (die wil van God).

Inhoudelik vra die liefdesgebod liefde vir God en die naaste. Die eerste saak is die onverbreeklikheid van hierdie verband wat tegelyk ook die onverbreeklikheid van die verband tussen liefde en geregtigheid insluit. Dit beteken dat ware geregtigheid sonder God onmoontlik is, maar óók dat die liefde nie anders kan as om instrument van die geregtigheid te wees nie. Dit is origens duidelik as ons onthou dat reg en geregtigheid te make het met die korrektheid (regtheid) van die konkrete verhoudings waarin ons staan op elke lewensterrein: juridies, polities, ekonomies, seksueel, religieus, ensovoorts.

In die Skrif beteken die liefdesgebod in die eerste plek die eis van grondige respek - respek vir God en respek vir die mens wat na Sy beeld geskape is. Dit word duidelik as ons onthou dat die liefdesgebod tog 'n samevatting van die Wet is. Daarom is liefde tot God nie bloot 'n mistieke en vae gevoel van toegeneentheid nie, maar van respek: dit vra van ons om onder alle omstandighede God God te laat bly, of in terme van die eerste tafel van die Wet: om sy uniekheid en enigheid, sy onvoorstelbaarheid en onafbeeldbaarheid, sy heilige Naam en sy heilige dag te respekteer, en dit alles met skroom en toewyding as God se onaantasbaarheid te beskou in alles wat ons doen.

Op dieselfde wyse vra die Skrif van ons 'n grondige respek vir die naaste, in terme van die wet 'n grondige respek vir die eer van die ouer, vir die lewe, die huwelik, die eiendom en die goeie naam van die naaste. Die motivering hiervoor is die wil van God (weer eens sy reg en geregtigheid!) wat die mens na sy beeld gemaak het en hom as Sy verteenwoordiger met 'n immuniteit en onaantasbaarheid (Gen. 9:6; Eks. 20; Deut. 5), maar ook met 'n verbysterende hoë status en waardigheid beklee het (Ps. 8). Daarvan is die ganse Bybel die getuie, want wat is die Skrif anders as die verhaal van God se eindelose bemoeienis om die mens van ondergang en dood te red? Ter wille van die mens het Christus vlees geword en gesterf en wanneer slegs één sondaar dit aanvaar, is daar vreugde in die hemel!

Menswaardigheid het dus in die eerste plek te make met die wil van God vir die mens. Só het God dit gewil en só het Hy die mens geskep: dit is (weer eens vanuit die perspektief van die dubbelpoligheid) die duidelike objektiewe en ontiese bestand van Gods wil. En dit het Hy nooit opgegee nie. In die subjektiewe of etiese realisering daarvan het daar egter 'n verskriklike en totaal onverwagte ramp gebeur: die sonde. Met sy val in die sonde het die mens self sy geregtigheid voor God, sy menswaardigheid

(in die sin van waarde én waarheid) en daarom ook sy regte opgegee. Daaroor later meer. Vir ons sal dit belangrik wees om te weet wat presies die konsekwensies hiervan is.

Dit is moontlik om met behulp van 'n hele aantal ander Bybelse begrippe op dieselfde wyse aan te toon dat die Bybel groot erns maak met die mens in die totale konteks van sy aardse bestaan, en hoedat dit niks te make het met oppervlakkige politieke modelle of ideale nie, maar ten diepste met die wil van God. Dit blyk veral uit begrippe soos barmhartigheid, waarheid, vryheid, genade, ensovoorts. Veral rondom die Bybelse begrip van vrede kan 'n indrukwekkende teologiese beredenering opgebou word. Daar is egter nie in hierdie bestek ruimte daarvoor nie.

### 3.2 Die mensbeeld van die Skrif

In hierdie verband is dit alleen moontlik om bloot te wys op die epistemologiese probleme wat daar bestaan ten opsigte van die kenbaarheid van die mens, origens egter sonder om daarop in te gaan. Ten slotte is dit egter juis hierdie saak wat ons volledig aangewese maak op die eksterne bron van die openbaring. Dit is die inhoud van hierdie openbaring aangaande die mens wat ons in staat stel om die antropologiese eensydigheid van funksionalisme, relasionalisme en substansialisme te vermy.

#### 3.2.1 Geskapenheid, onaantasbaarheid en moontlikheid

Die mees fundamentele feit aangaande die mens is die feit dat hy deur God geskape is. Daarom is die mees fundamentele bepalende faktore die erkenning van sy beperktheid, afhanklikheid en relativiteit - in religieuse sin ten opsigte van sy ganse bestaan, en in etiese sin ten opsigte van sy norme.

Die geskapenheid na die beeld van God dui allereers op die mens se status, soos reeds aangetoon by die bespreking van die liefdesgebod. Dit is hierdie status wat die mens beklee het met 'n immuniteit en onaantasbaarheid as God se verteenwoordiger. Dit dui egter ook op sy 'ek'-wees as persoon wat uitdrukking vorm van die dialogiese aard van sy wese, op sy aanspreekbaarheid en op die verantwoordelikheid wat dit meebring. In finale sin druk dit egter ook die eiendomsreg van God uit: God en niemand anders nie het die finale reg op die mens. Daarom is die eintlike grond van alle menseregte vir Moltmann God se reg op die mens (Miller, 1977:130).

In elk geval dui bostaande alreeds baie duidelik aan dat die mens nie lukraak en struktuurloos geskape is nie. God het naamlik die mens vir 'n bepaalde *doel* geskape

en daarom ook op 'n bepaalde *wyse*. 'n Mens sou kon sê dat God die mens met bepaalde opdragte of roepinge geskape het, en met die oog daarop ook die struktuurmoontlikhede in hom ingebou het. Eweneens is dit die objektiewe ontiese bestand van die menslike wese. Hy is egter nie voltooid geskape nie - daar tree juis 'n onafheid en openheid na vore by die mens om voorsiening te maak vir die ander pool, te wete die subjektief-etiese realisering van die Godgegewe struktuurmoontlikhede. Die woord *moontlikhede*, of potensiaal mag in hierdie verband egter nie in 'n bloot opsionele of toevallige sin verstaan word nie, aangesien hierdie moontlikheid inderdaad dui op sekere struktuurnoodsaaklikhede - daarsonder is egte en volledige menswees nie moontlik nie.

Die kombinering van die liefdesgebod met hierdie gegewens maak nou duidelik dat die liefde vir die naaste daarin bestaan dat ons grondige en onvoorwaardelike respek moet hê vir die totale mens in die totaliteit van al die struktuurmoontlikhede wat God self in die mens geskep het.

Ten slotte is dit belangrik om te besef dat hierdie verskillende struktuurmoontlikhede dui op die verskillende dimensies of verhoudingsmoontlikhede wat in die mens bestaan. Dit kan egter nooit die basis vorm van enige verdeling van die mens in aparte dele nie. Dit is tog oorvloediglik duidelik dat die mens as 'n fundamentele eenheid geskape is. Daarom is die verskillende moontlikhede of dimensies (soos byvoorbeeld die religieuse, die sosiale, die seksuele, die ekonomiese, die estetiese ens.) inderwaarheid kruisdimensies wat voortdurend in mekaar insny met 'n bepaalde effek. Dit is dan ook die grondslag van die geloof dat daar in die regte van die mens 'n eenheid en onverdeelbaarheid bestaan.

### 3.2.2 Struktuurmoontlikhede en regte

Die onaantasbaarheid van die mens as objek van die liefdesgebod is nie 'n gerieflike (of ongerieflike!) slagspreuk sonder inhoud nie. Hierdie onaantasbaarheid het betrekking op heel konkrete sake waarvan ons kan sê dat dit deur God self geskenk is en daarom nie deur enige mens misken kan word nie. Hierdie konkrete sake dui juis op die moontlikheid en noodsaaklikheid van die realisering van die struktuurpotensiaal in die mens. In elke geval is hierdie antropologiese struktuurmoontlikhede ook die basis van heel bepaalde en konkrete regte.

Dit is duidelik dat hoewel die begrip *regte* in die sin van menseregte nie in die Skrif voorkom nie en daar ook bepaalde besware bestaan teen die eensydige juridisering daarvan (ongelukkig gepaardgaande met vermindering van die etiese kwaliteit daarvan), ons nie van die begrip ontslae sal kan raak in enige moderne debat nie - daarvoor

is dit te diep ingeburger. Solank ons maar net bewus is daarvan (en dit ook duidelik maak) dat ons daarmee bedoel die Godgegewe struktuurmoontlikhede van die mens.

Voorts moet ook tereg daarop gewys word dat regte altyd gepaardgaan met ooreenstemmende pligte. Terwyl dit die dubbelpoligheid reflekteer waarvan reeds melding gemaak is (ontiese bestand en etiese realisering), sou dit in 'n spesifieke Bybelse konteks dalk beter gewees het om in plaas van pligte eerder van roepinge of dankbaarhede te praat, maar die begrip pligte is ingeburger en is tog sekerlik nie 'n on-Bybelse begrip nie.

Ten slotte moet die hele kompleks van menseregte voortdurend ook nog op 'n konsentriese transparant geplaas word. In die debat is al herhaaldelik melding gemaak van fundamentele en afgeleide regte, 'n onderskeiding wat veral ook deur die sterk wisselende konteks in die wêreld genoodsaak was. Die beeld van konsentries-gerangskikte regte is egter 'n beter uitdrukking van die wisselende gewigte van die sogenaamde afgeleide regte.

Gegewe hierdie agtergrond sal ons moet sê dat die onaantasbare Godgegewe struktuurmoontlikheid van die Godsverhouding die eerste en belangrikste dimensie van die mens is. Dit gaan om die feit dat elke mens in 'n onvernietigbare verhouding met God staan en geroep word om daardie objektiewe feitelike realiteit ook subjektief en persoonlik te realiseer. Dit is 'n moontlikheid wat deur God self aan elke mens geskenk word, en daarom het niemand die reg om die realisering daarvan deur enige ander persoon te verbied of te verhinder nie. In hierdie sin konstitueer hierdie moontlikheid of struktuur-dimensie dan die algemeen erkende reg van elke mens op godsdiensvryheid en vryheid van aanbidding. Die onaantasbaarheid van hierdie reg blyk ook juis uit die feit dat niemand ook die teenoorgestelde kan afdwing nie, te wete die positiewe realisering van hierdie Godsverhouding.

Daaruit volg as vanself die reg van elke mens op persoon-wees (identiteit) as die kern van 'n selfbewuste 'ek'. Hierdie identiteit veronderstel egter die reg op volledige psigiese en fisiese integriteit van sy persoon-wees. Dit beteken dat elke mens in die finale instansie die reg moet hê op die vryheid van geloof, gewete en beslissingsverantwoordelikheid.

Merkwaardig genoeg is dit nou presies in hierdie konteks dat die reg op die gelykheid van alle mense ter sprake kom. Sekulêre modelle skep die indruk dat dit een of ander natuurlike en aangebore gegewe is. Al wat die natuur inderdaad kán bewys is dat mense aan hulleself oorgelaat, juis *nie* gelyk is nie, dat veral die sterkes so 'n idee sal verstaan en die swakkes geen middele het om dit af te dwing nie; daarom is die gelykheidsbegrip van sekulêre modelle 'n relasielose en normlose abstrakte begrip wat

maklik bloot uit haat, nyd en afguns voorgestaan word. Wat benodig word is 'n eksterne maatstaf, en daarom is mense alleen waarlik gelyk wanneer hulle gelykelik as mense voor God staan. Anders gesê: sonder God geen gelykheid, want ook die reg op gelykheid moet genormeer en gekontroleer word. Dit is egter, hoe ongelukkig ook al, nie 'n saak wat deur enige mens gekontroleer kan word nie. In die werklikheid waarin ons leef, sal dit gewoon aanvaar moet word, en daarom het elke mens fundamenteel die reg op gelyke behandeling - oral in die samelewing, maar tog heel in die besonder voor die wet en die gereg.

Vanuit die Godsrelasie, met name dan die geskapenheid, die in aansyn geroep wees, en dus die geskenk van die lewe, beteken menseregte natuurlik dat geen mens die reg het om die lewe van enige ander mens te benadeel of te beëindig nie. God is die Skepper, onderhouer en eienaar van alle lewe en het dus die eksklusiewe reg op daardie lewe. Die reg op lewe van so 'n onaantasbare gehalte dat juis dit die enigste begronding kan wees van die ekstreme hantering van die swaardmag van die owerheid (doodstraf en oorlog), in dié sin naamlik dat hierdie ekstreme optredes in finale sin alleen geregverdig sou kon word indien dit die allerlaaste beskikbare middele is om die lewens van onskuldige mense te beskerm.

Die moontlikheid om te kan lewe, wat as onvervreembare geskenk van God ontvang word, beteken die reg op lewe (en natuurlik ook die plig tot lewe) en gevolglik ook die reg op die minimum bestaansvereistes van voedsel en beskerming. Niemand het die reg om enigeen se voedsel of klere van hom weg te neem nie. Onder beskerming sal ook basiese huisvesting (beskerming teen die elemente) gereken moet word. Hier word nou alreeds iets van die konsentrisiteit sigbaar: die tipe huisvesting wat as die minimum beskou word, is sterk afhanklik van die konteks, die graad van ontwikkeling van 'n land, klimatologiese faktore en die beskikbaarheid en omvang van owerheids-hulp. Die eise wat in hierdie verband byvoorbeeld in Wes-Duitsland gestel word is heel anders as dié in Ethiopië of die Filippyne. Hoewel die kern vir alle lande en mense geld (dat lewe beskerm moet word as 'n onvervreembare reg), word dit telkens in die konkrete omstandighede vertaal in die moontlikhede van die konteks.

Die reg op die lewe, en die reg op lewensmiddele, veronderstel dan ook die reg op arbeid as die belangrikste middel om dit te verkry. Die oomblik wanneer egter wegbeweeg word van die kern is dit nodig om nader te omskryf.

Die reg op arbeid veronderstel naamlik 'n hele aantal ander sake. In die eerste plek veronderstel dit die vermoë om te kan arbei. Dit beteken dat swaar gestremdes, bejaardes, kinders en siek mense nie van die middel van arbeid gebruik kan maak nie en dus aangewese is op versorging deur andere, maar dit verminder nog geen oomblik hulle reg op die lewe nie. Die reg op arbeid veronderstel ook die beskikbaarheid van

arbeid, en daarom sal die akute werklose eweneens op versorging aanspraak hê. Verdere afgeleide regte word dan aangedui as alles wat nog steeds as regte erken moet word, maar dan nie in dieselfde sin as die kern (reg op lewe) nie: die reg op opleiding en skoling, die reg op vakansie, die reg op allerlei byvoordele. Die soortlike gewig van hierdie afgeleide regte word bepaal deur die posisie daarvan op die konsentriese transparant, en dit is op sy beurt weer afhanklik van die sosiale, kulturele en ekonomiese konteks.

Op dieselfde wyse sou ook na die regte gekyk kon word wat deur die ander struktuurmoontlikhede gekonstitueer word. Omdat die ruimte daarvoor nie beskikbaar is nie kan enkeles maar net genoem word.

Die sosiale of medemenslikheidsdimensie van die mens dui op die Godgegewe strŭktuurmoontlikheid tot meervoudige bestaan: huwelik, gesin, samelewing, kulturele, arbeids- en godsdienstige en ander assosiasies. In die kern daarvan staan die reg om 'n huwelik te sluit, die reg om kinders te hê, en in meer afgeleide sin, die reg om 'n samelewing of assosiasie te vorm. Op sy beurt veronderstel die reg om kinders te hê, ook die reg van daardie ouers op die opvoeding van die kinders, en in 'n meer afgeleide sin die reg op onderwys. Veral laasgenoemde vertoon in sy konkrete gestaltes weer die konsentrisiteit van verskillende kontekste. Die reg op die vorming en die instandhouding van 'n samelewing of gemeenskap dui ook op hierdie feit, maar eweneens op 'n ryke verskeidenheid: arbeids-, taal-en-kultuur-, sport-, etniese, geografiese, politieke, navorsingsgemeenskappe ensovoorts, waarby ook die gedagte van minderheidsgemeenskappe ingesluit is.

Hoewel dit nie naastenby 'n volledige behandeling van menseregte behels nie, kan bostaande tog as voorbeeld dien van sodanige behandeling. Die volledige perspektief op die saak van menseregte vereis egter nog die volgende opmerkinge oor beperkinge en probleme.

## 4. BEPERKINGE EN PROBLEME

Die realiteit het aangetoon dat daar heelwat probleme in die weg lê van sowel die aanvaarding én die implementering van menseregte.

### 4.1 Menseregte en sonde: fatalisme en utopisme

Op teoretiese en praktiese vlak word bepaalde sienings van die sonde en die gebrokenheid van die wêreld maklik 'n struikelblok.

Enersyds is daar diegene wat van mening is dat die beeld van God in die mens met die sondeval totaal verlore gegaan het - die mens is volledig onder die heerskappy van die sonde en vertoon eerder die trekke van die duiwel. Eers na bekering en versoening met Christus word die beeld van God weer herstel. Die natuurlike onbekeerde mens het dus geen aanspraak op enige regte nie en deel slegs in voorregte wat hy van God ontvang. Daarmee is dan ook enige teologiese begronding van menseregte finaal afgesny - aldus hierdie siening. Dit loop onvermydelik uit op 'n fatalisme wat die bestaansreg en moontlikheid van enige algemene menseregtebestel betwis. Menseregte sou inteendeel aanleiding gee tot sedelike verwildering en die toename in pornografie, misdaad en ander wantoestande.

Daarteenoor is daar diegene wat mettertyd menseregte met 'n Messiaanse en utopiese verwagting omhul het. Hierdie verwagtinge word hanteer as towerformule wat nie alleen oornag alle onreg sal verwyder nie, maar feitlik onmiddellik ook voorspoed en vrede vir almal sal bring. Die instel van algemene menseregte met 'bevryding' word op hierdie wyse byna gelykgestel met die wese van die evangelie: verlossing word dan verlossing van een politieke bestel en die instel van 'n ander. Sonde word beskou as 'n bepaalde strukturele sosio-maatskaplike bestel, en as dié bestel verdwyn, verdwyn prakties ook die aan die sonde verbonde gebrokenheid en swakhede - vandaar dan ook die sterk utopiese verwagtinge van 'n goue eeu wat sal aanbreek. Daarbenewens word daarom ook in hierdie kringe by voorkeur van die *inherent dignity and nobility* van die mens gepraat.

In albei gevalle sal die Skriftuurlike posisie duidelik gestel moet word. In die eerste geval sal aangetoon moet word dat die mens met die sondeval inderdaad grondig sondig geword het. Daar is niks ongeskonde êrens in die mens op grond waarvan hy enigiets kan opeis nie. Desnietemin word op 'n wonderlike wyse nog altyd na die mens as die beeld van God verwys (Gen. 9:6) en blyk dit ook deurgaans in die Skrif dat die mens tog na die sondeval nog steeds *mens* gebly het. Hiervoor kan geen ander gronde aangetoon word as God se onvergelyklike menseliefde nie - alleen vanweë sy genade en liefde vir die mens bly Hy die mens as mens handhaaf, en daarom moet ons dit ook ten opsigte van mekaar doen. Méér nog: God plaas op die mens, ook die gevalle mens, 'n onvoorstelbare hoë premie. Met die mens en sy lewe in alle fasette daarvan mag nie willekeurig omgegaan word nie. Doodslag word verbied, die armes moet versorg word (vgl. die Deuteronomium-voorskrifte met Mat. 25) en sy huwelik, eiendom en goeie naam mag nie aangetas word nie. Ten slotte is die mens vir God só belangrik dat Christus vir hom kom sterf - en dit alles terwyl ons juis nog *sondaars* is (Rom. 5). Kortom, die volledige sondigheid van die mens weerhou God nie daarvan om hom nog steeds as mens te sien en te eis dat hy as volledige mens behandel sal word nie. Voor God het ons almal as sondaars inderdaad alleen maar voorregte, maar teenoor mekaar moet dit beskerm word. Menseregte is niks anders nie as die onder-

linge beskerming van Godgegewe voorregte. Dit maak menseregte in die sondige wêreld daarom juis so noodsaaklik.

Andersyds moet eweneens gehandhaaf word dat die sonde en sy gevolge nie voor die wederkoms uit die wêreld sal verdwyn nie; daarom is dit hoogs gevaarlik om allerlei paradysverwagtings met menseregte te verbind. Menseregte is juis *nie* die afskaffing van die sonde nie, maar 'n wapen in die stryd daarteen, en soos die geskiedenis ook duidelik aangetoon het, kan menseregte self ook misbruik word in die diens van die sonde.

### 4.2 Regte en pligte

Dit is ongelukkig waar dat die korrekte siening van menseregte in die wiele gery word deur 'n skeeftrekking van die verhouding tussen regte en pligte. Enersyds is daar diegene wat van regte nie veel wil weet nie en veeleer die klem wil plaas op die mens se pligte sonder dat daar van die regte iets tereg kom. Andersyds is daar natuurlik die voorstanders van regte wat in alle tale swyg oor die korresponderende pligte en verantwoordelikhede van die mens. Veral die utopiese en Messiaans-gekleurde siening beskou menseregte as 'n groot Kersgeskenk wat bloot toegeëien moet word.

Almal betrokke sal egter moet besef dat hierdie twee sake nie geskei kan word nie. Regte dui naamlik op die Godgegewe moontlikhede in die mens waarop elke mens reg het. Hierdie moontlikhede sal egter betekenisloos bly as die mens van sy kant dit nie inhoudelik vul deur die positiewe aanvaarding van die eties-subjektiewe verantwoordelikheid nie. Dit moet tog duidelik wees: vir 'n reële ervaring van lewenskwaliteite is albei onontbeerlik. Dit is volkome sinloos om slegs een daarvan te wil erken: sinloos, maar dan tog ook baie gevaarlik.

### 4.3 Ideologie en volkswil

Dit is natuurlik moontlik om van menseregte 'n politieke ideologie te maak in die stryd om die mag te verower. Dit is juis onder hierdie omstandighede dat bogenoemde skeeftrekkings kan plaasvind. 'n Bepaalde party kan onder 'n bepaalde leierskap dit bloot as strategie aanvaar om die mag te verkry, óf dit kan in opregte bedoelings daarna streef om dit wel na magsoorname as beleid te aanvaar. Hoe ook al, daar bly 'n bepaalde probleem daaraan verbonde, naamlik die vraag of leierskap bloot op besluit af menseregte effektief sou kon instel.

Dit word naamlik in breë kringe erken dat menseregte nie effektief ingestel kan word

as daar nie ook 'n sterk wil by die volk aanwesig is om dit te laat slaag nie. Dit is per slot van rekening die burgers van 'n land wat konkrete inhoude aan die wette van 'n land kan gee, naamlik deur dit op so 'n wyse te handhaaf dat dit inderdaad bydra tot 'n verhoging van die ervaring van lewenskwaliteit (wat, soos ons gesien het, tog die doel van menseregte is).

Hierdie eenvoudige konstatering van 'n feit het egter gewigtige konsekwensies. Die belangrikste sou ongetwyfeld wees om 'n uitgebreide opvoedingsproses van stapel te stuur. In Suid-Afrika is daar onder alle groepe 'n ernstige behoefte aan hierdie opvoeding. Die doel daarvan moet wees om by die breë bevolking 'n sekere mense-regte-kultuur te skep, asook 'n sekere politieke gesofistikeerdheid waaruit die wil sal moet blyk om van menseregte 'n sukses te maak.

Dit is egter nou eenmaal 'n langdurige proses wat nie oornag afgehandel kan word nie, en dit is van die hoogste belang vir almal betrokke om hierdie basiese realiteit bewustelik te aanvaar. As minimum-vereiste sal gestel moet word dat ten minste die verskillende lewensterreine tot so 'n opvoedingsproses verbonde moet wees. Die uiteindelike resultaat, naamlik die bereiking van 'n toestand waar menseregte werklik die strewe en die uitdrukking van die breër volkswil is, sal in hierdie wêreld egter seker nie bereik word sonder ernstige stampe en skokke nie.

### 4.4 Eensydige juridisering

'n Maklike manier om aan hierdie langdurige proses te probeer ontsnap, sou wees om doodgewoon menseregte voor die voet in wetgewing te vertaal en dit dan by wyse van regspleging af te dwing.

Niemand sal ontken dat menseregte inderdaad ook by wyse van juridisering en regspleging gehandhaaf moet word nie. Dit is doodgewoon noodsaaklik. Wie egter daarmee wil volstaan, begryp nog nie die etiese diepte van menseregte nie. Menseregte gaan naamlik ook om die aanvaarding en inoefening van waardes, om lewensoortuiging en geloof, om 'n gegronde en gewortelde lewenstyl wat veel meer behels as die koue juridiese eise van die wet. Dit is ook wat met 'n langdurige opvoedingsproses bedoel word. Dit is nie alleen die regter en die konstabel wat hierin die verantwoordelikheid dra nie, maar ook die politikus, die sakeman, die kerk, skool en ouer. Ten diepste gaan dit nie alleen om die eise van die wet nie, maar om die aanvaarding van etiese eise wat die beste uitdrukking vind in die Christelike liefdesgebod.

### 4.5 Menseregte, losbandigheid en model

Die beskuldiging word dikwels gemaak dat menseregte aanleiding gee tot 'n individualistiese ongebreideldheid, pornografie, homoseksuele aansprake ensovoorts. Die VSA word dan ook dikwels as voorbeeld gebruik, waarby met name die verbod op godsdiens in die skole as finale bewysstuk teen menseregte aangevoer word.

Daar is natuurlik geen enkele rede waarom hierdie uitwasse aan menseregte as sodanig toegeskryf moet word nie. Dit het veel eerder te make met die spesifieke sosiale en kulturele milieu waarin 'n spesifieke model van menseregte ontwikkel word. Die VSA se geskiedenis en kultuur is deursuur van die klassieke liberale individualisme, maar daar is geen enkele rede waarom hierdie model ook op Suid-Afrika van toepassing hoef te wees nie. Dit sal uiteindelik van die mense van Suid-Afrika self afhang of hulle hierdie uitwasse (wat juis met die ekstreme individualisme saamhang) sal wil toelaat of nie. Daar is baie goeie gronde waarop aangetoon kan word dat juis hierdie ekstreme individualisme nie bevorderlik is vir die kwaliteit van die lewe wat die finale doel van menseregte is nie. Ook hieroor is deeglik besinning en debat van die hoogste belang. Intussen bly dit 'n belangrike en ernstige waarskuwing teen die naïewe en klakkelose oorname van die Westerse menseregtemodel vir Suid-Afrika.

Wat ook al die geskiedenis van menseregte en die verskillende teologiese of ander begrondings mag wees, is dit oorvloediglik duidelik dat dit 'n saak is wat op die vlak van die gewone mens uiteindelik gaan slaag of misluk. Die taak vir elke gelowige is om in alle erns te probeer lewe volgens die riglyne van die evangelie en 'n duidelike Christelike lewenstyl te ontwikkel en aan hulle kinders oor te dra. Dit is waarom dit per slot van sake alles gaan.

## 5. BIBLIOGRAFIE

DABNEY, R. L. 1982. Discussions. Edinburgh : The Banner of Truth Trust.

DE VILLIERS, D. E. 1984. Die geskiedenis van menseregte (*In* Du Toit, D. A., Menseregte. Kaapstad : Tafelberg. p. 9-38.)

ANON. 1989a. Handves vir menseregte onnodig en gevaarlik. *Die Hervormer.* 4, Sept.

ANON. 1989b. Handves vir menseregte - is dit verantwoord? *Die Kerkblad*: 7-8, Sept. 13.

DU TOIT, D. A. 1988. Die mens en sy regte. Constantia : Zebra Publikasies.

DU TOIT, D. A. 1978. Geregtigheid en mensebeskouing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 18(4):258-267, Desember.

DU TOIT, D. A. 1984. Menseregte. Kaapstad : Tafelberg.

DU TOIT, D. A. 1989. Menseregte ...? *Die Kerkbode*, 144(16):6, Nov. 3.

HEYNS, J. A. 1989. Het mense regte? Die Kerkbode, 144(17):6, Nov. 10.

HOLLENBACH, D. 1979. Claims in conflict. Retrieving and renewing the Catholic human rights tradition. New York : Paulist Press.

JONKER, W. D. 1984. Christelike geloof en menseregte. (*In* Du Toit, D. A. Menseregte. Kaapstad : Tafelberg. p. 47-59).
KERK EN SAMELEWING. 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk. 1986. Bloemfontein : Die Algemene Sinodale Kommissie.
KERK EN SAMELEWING. 1990. 'n Getuienis van die Ned. Geref. Kerk. 1990. Bloemfontein : Die Algemene Sinodale Kommissie.
KREITZER, M. R. n.d. Biblical rights or human rights? A Reformed Protestant contribution to the human rights debate. Pretoria : Cercos/Serkos.
MACQUARRIE, J. 1990. The concept of peace. Philadelphia : Trinity Press International.
MILLER, A. O. *ed.* 1977. A Christian declaration on human rights. Grand Rapids : William B. Eerdmans.
POTGIETER, J. M. 1989. Gedagtes oor die nie-Christelike aard van menseregte. *THRHR*, 52:286-408.
RES Testimony on Human Rights. 1983. Grand Rapids : Reformed Ecumenical Synod.
S A REGSKOMMISSIE. 1989. Projek 58: Groeps-en menseregte. Pretoria (Werkstuk 25).
SPYKMAN, Y. 1990. Human rights. A biblical study. Grand Rapids : CRC Publications.
VELEMA, W. H. 1980. Discussie over mensenrechten. Apeldoorn : Willem de Zwijgerstichting.